
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## REKENINGKUNDE V2
## NOVEMBER 2025
## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**NASIENBEGINSELS:**

1. Tensy anders getoon in die nasienriglyne, is strafpunte vir vreemde items slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenalisering mag toegepas word nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae by daardie item(s) verdien het.
3. Tensy anders getoon, ken volpunte toe vir 'n korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die bewerkings wat getoon is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die bewerkingspunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **LW:** As syfers in die nasienriglyne vir komponente van bewerkings aangedui word, dra hierdie syfers nie die metodepunt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie getoon is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar dit aangedui word, kan deelpunte toegeken word om die verskil in die kwaliteit van kandidate se antwoorde aan te dui.
7. Indien kandidate meer as die verlangde aantal antwoorde verskaf, ondersoek alle antwoorde tot voordeel van die kandidaat. Strafpunte kan toegeken word vir vreemde items indien kandidate volpunte vir 'n vraag gekry het (maks. -2 per vraag)
8. Hierdie nasienriglyne is nie vir verspreiding in die publiek nie, omdat sekere items dalk verkeerde hantering kan impliseer. Aanpassings word gemaak op grond van die nuanses/konteks van sekere vrae.
9. Waar strafpunte toegeken word, kan die finale punte vir daardie afdeling van 'n vraag nie as 'n negatiewe totaal getoon word nie.
10. Waar metodepunt(e) vir 'n bewerking toegeken word, moet die nasiener eers die redelikheid van die antwoord ondersoek voordat die punt toegeken word.
11. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek.
    LW: Kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷ wees volgens kandidaat se (geldige) antwoord, of soos in nasienriglyne aangedui.
12. By bewerkings moet geen punte vir bewerkings toegeken word waar die teller & noemer omgeruil is nie. Dit is ook van toepassing op verhoudings.
13. Met die toekenning van metodepunte, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir enige item wat in geheel of gedeeltelik foutief is nie. Dui aan met 'n ☒.
14. Wees bedag daarop dat sommige kandidate geldige alternatiewe buite hierdie nasienriglyne kan gee. Let ook daarop dat een kommentaar meer as een korrekte aspek kan bevat.
15. Kodes: f = vreemde item; p = plasing/aanbieding.

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 1

### 1.1 BANKVERSOENING

### 1.1.1 KONTANTJOERNALE OP 31 JULIE 2025:

| Kontantontvangstejoernaal |
|---|
| R162 000 |
| 2 160 ✓✓ |
| 16 500 een punt + 16 500 een punt<br>33 000 ✓✓ |
| |
| |
| |
| |

| Kontantbetalingsjoernaal |
|---|
| R55 200 |
| 10 000 ✓ |
| 2 700 een punt + 2 700 een punt<br>5 400 ✓✓ |
| 13 000 ✓ |
| 975 ✓ |
| 605 ✓ |
| |

**10**

-1 vreemde (maks -1) (slegs as punte êrens anders vir dieselfde syfer verdien is)
-1 oortollige items (maks -1); maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir die insluiting van foutiewe syfer/s

### 1.1.2 Kies slegs EEN templaat hieronder om die vraag te beantwoord.

**TWEEKOLOM-METODE:**

**BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 JULIE 2025**

| | | Debiet | Krediet |
|---|---|---|---|
| Saldo volgens Bankstaat | | | R 119 080 ✓ |
| Uitstaande deposito | | | 41 850 ✓ |
| Uitstaande EFO's | Nr. 207 | 7 650 ✓ | |
| | Nr. 208 | 10 800 ✓ | |
| Foutiewe EFO | | | 11 000 ✓ |
| Debietkaart op 29 Julie 2025 | | 13 000 ✓ | |
| Saldo volgens bankrekening | | 140 480 ☑<br>Kan Kt. wees | Dt. en Kt. totale moet dieselfde wees |
| | | 171 930 | 171 930 |

**7**

-1 aanbieding (maks.-1) (onvanpaste/geen detail)
-1 vreemde items (maks.-2) vir; slegs as punte êrens anders vir dieselfde syfer verdien is)
Vir die 2-Kolommetode,kandidate moet syfers in korrekte kolom plaas om punte te verdien
Met die toekenning van die metodepunt vir totale, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir die insluiting van foutiewe syfers/s. Dui aan met ☒

**OF**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**EENKOLOM-METODE:**

| **BANKVERSOENINGSTAAT OP 31 JULIE 2025** | | | |
|---|---|---|---|
| Saldo volgens Bankstaat | | 119 080 | ✓* |
| Uitstaande deposito | | 41 850 | ✓ |
| Uitstaande EFO's | Nr. 207 | (7 650) | ✓ |
| | Nr. 208 | (10 800) | ✓ |
| Foutiewe EFO | | 11 000 | ✓ |
| Debietkaart op 29 Julie 2025 | | (13 000) | ✓ |
| Saldo volgens bankrekening | | 140 480 | ☑* |

**7**

-1 aanbieding (maks.-1) (onvanpaste/geen detail)
-1 vir vreemde items (maks.-2); slegs as punte êrens anders vir dieselfde syfer verdien is)
Vir die 1-Kolommetode,kandidate moet syfers met toepaslike tekens aantoon, d.w.s. positief of negatief.
*Wees bedag op kandidate wie begin met die bankrekeningsaldo of omgekeerd
Met die toekenning van die metodepunt vir balanserende bankrekeningsaldo, maak seker dat kandidate nie volpunte kry vir die insluiting van foutiewe syfers/s. Dui aan met ☒

1.1.3

| **Identifiseer TWEE probleme (met syfers) met die bestuur van kontant in Duma Winkels. Verskaf in ELKE geval 'n ander oplossing vir hoe hierdie probleme in die toekoms voorkom kan word.** | |
|---|---|
| **Probleem met syfers**<br>Probleem ✓ ✓ syfer/s ✓ ✓ | **Oplossing**<br>✓ ✓ |
| Vermiste kontant van R10 000 | Kontrakteer die vervoer van kontant uit aan sekuriteitsmaatskappye / moedig EFO of kaartbetalings deur klante aan / implementeer dubbele magtiging vir kontantdeposito's / verdeling van pligte / voer onverwagte kontrole oor kontant of inspeksies uit / versoek bankkennisgewings. |
| Foutiewe aantekening van transaksies in Kontantjoernale, R16 500/R5 310 | Toepassing van kruiskontroles met aantekening van transaksies / daaglikse kontant versoenings. |
| Onvoldoende begroting vir debietorder / kontantvloeiprobleme / Onbetaalde debietorder R2 700 | Verseker dat voldoende kontant beskikbaar is vir debietorder betalings / outomatiseer waarskuwing boodskappe en herinneringe t.o.v. debietorders. |
| Onvolledige boekhouding (prosedure) van brondokumente, R13 000 | Brondokumente moet betyds by boekhouer ingehandig word. |

**6**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 1.2 KREDITEURVERSOENING

1.2.1

| | Krediteuregrootboekrekening van Matsulu Verskaffers | Rekeningstaat |
|---|---|---|
| **Foutiewe saldo** | **270 140** | **287 600** |
| **(i)** | [– 17 280 + 13 680]<br>– 3 600 ✓✓ | |
| **(ii)** | | [100 500 – 40 500]<br>+ 60 000 ✓✓ |
| **(iii)** | – 16 200 een punt – 16 200 een punt<br>– 32 400 ✓✓ | |
| **(iv)** | + 1 410 ✓ | + 330 ✓ |
| **(v)** | | + 42 000 ✓ |
| **(vi)** | | – 154 380 ✓ |
| | 235 550 ☑* | 235 550 |

*een deel korrek vir beide totale; moet beginsaldo's insluit; bedrae kan verskil
Aanvaar hakies vir negatiewe tekens; as geen teken aanvaar positief.
Aanvaar korrek identifiseerbare bedrae aangebied in verkeerde lyn/e.
Vreemde inskrywings, -1 per lyn as 'n punt reeds verdien is in die lyn.

**11**

1.2.2 **Verduidelik hoe die besigheid kan voorkom dat hierdie probleem in die toekoms gebeur, die verdeling van pligte uitgesluit. Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE geldige punte ✓✓ ✓✓ Moenie verdeling van pligte aanvaar nie

- Bestellings en betalings moet gemagtig word deur senior personeel
- Daarstelling van aankoopkomitee / verkryging van verskeie kwotasies om die aankoopproses te versterk / 'n behoorlike keuringsproses moet die betroubaarheid van verskaffer en redelikheid van pryse bevestig.
- Gereelde vergelyking van mededingende pryse voor aankope / onlangse katalogusse.
- Gereelde oudits op aankooptransaksies uit te voer.
- Werknemers moet persoonlike bande met verskaffers verklaar om vooroordele te vermy.

**4**

**Hoe kan daar teen die aankoopbestuurder opgetree word, behalwe om hom af te dank? Verskaf EEN punt.**

Enige EEN geldige punt ✓✓ Moenie afdanking van aankoopbestuurder aanvaar nie

- Dissiplinêre verhoor / mondelikse waarskuwing / tydelike skorsing / aanklagte teen hom lê.
- Verhaling van die oorvraging met die aankoop van stoele / verhaal die geld van sy salaris om vir die finansiële verliese op te maak.
- Aankoopbestuurder moet oorgeplaas word na 'n ander afdeling of departement / afgradeer hom na posisie in ander departement.
- Beperk die aankoopbestuurder se kontak met verskaffers om wangedrag te voorkom.
- Swartlys die aankoopbestuurder vir toekomstige indiensneming of soortegelyke posisie.

**2**

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 40 |

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 2

### 2.1 SUPERSAVERS SUPERMARK

**2.1.1 Bereken die waarde van die eindvoorraad op 28 Februarie 2025, deur die EIEU-metode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| [850 – 32] (*818 ✓✓ x 42 ✓) + [980 – 818] **OF** [150 + 12] (*162 ☑☑ x 37 ✓)<br>34 356 drie punte; 5 994 twee m punte een punt<br><br>*Vir twee metodepunte; beide syfers moet optel tot 980.<br><br>**OF**<br><br>(35 700 – 1 344) + (5 550 + 444)<br>een punt; twee punte; een punt; twee m punte<br><br>Maak seker dat slegs een opsie word deurgaans gemerk word. | R40 350 ☑<br>een deel korrek<br>Beide bedrae saamgetel |

**7**

**2.1.2 Bryan het gemerk dat sommige van die voorraad gegeurde sappe hulle raklewe (vervaldatum) van 65 dae oorskry het. Identifiseer die waarde van die voorraad waarna Bryan verwys deur die EIEU-voorraad-waardasiemetode te gebruik.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 12 x 37 **OF** 96 200 – 95 756 **OF** 5 994 – 5 550 | 444 ✓☑<br>een deel korrek |

**2**

**2.1.3 Hoe kan Bryan die voorraad gegeurde sap bestuur om verliese wat die besigheid gely het, te vermy? Verskaf TWEE punte.**

Enige TWEE toepaslike punte ✓✓ ✓✓

- Voorraad kan meer gereed aangekoop word, eerder as grootmaataankope
- Identifiseer ou voorraad naby aan verval datums en bied dit teen 'n afslagprys vir klante aan / gebruik sagteware om die verkope en verval datum van voorraad te monitor / voer gereelde roetine voorraadtellings uit om rekords te versoen.
- Lei werknemers op in behoorlike rotasie van die voorraad / rangskik die voorraad in die supermark sodat die nuwer voorraad korrek geposisioneer is.

**4**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 2.2 BANDURA DRUKKERS

### 2.2.1 Rotrim-model:

| **Bereken die waarde van die eindvoorraad op 30 Junie 2025 deur die spesifieke identifikasiemetode te gebruik** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| (30 + 90 – 79) [79 x 15 500]<br>41 ✓☑ x 15 500 ✓ **OF** 465 000 + 1 395 000 – 1 224 500<br>een mark een punt een punt<br>Maak seker dat slegs een opsie word deurgaans gemerk word. | 635 500 ☑<br>een deel korrek<br>As x met R15 500 |

4

### 2.2.2 Punchies-model:

| **Bereken die voorraadhoudingsperiode (in dae) deur die eindvoorraad te gebruik.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| $\frac{780\,500 \checkmark}{(557\,500 \checkmark + 2\,453\,000 \checkmark - 780\,500 \checkmark)} \times \frac{365}{1}$<br>2 230 000 drie punte<br>**OF** $\frac{35 \text{ een punt}}{100 \text{ drie punte}} \times \frac{365}{1}$<br>(25 + 110 – 35)<br>'x 365' vorm nie deel van 'een deel korrek'.<br>Teller en noemer moet as sodanig gemerk word.<br>Moenie 'n punt toeken as enige bewerking by R780 500 of 35 eenhede gemaak is<br>Maak seker dat slegs een opsie word deurgaans gemerk word. | 127,8 dae ☑<br>een deel korrek<br>moet x 365<br>dae nie nodig<br>aanvaar 128 dae/127 dae |

5

**Lewer kommentaar op die voorraadhoudingsperiode. Verskaf EEN punt, met syfers. Die voorraadhoudingsperiode vir die jaar geëindig 30 June 2024 was 69 dae.**

Vergelyking met syfers ✓ Kommentaar ✓

- Dit het verhoog (van 69 dae) tot 127,8 dae sien 2.2.2 / met 58,8 dae
- Die ander modelle drukkers kan verouderd raak as gevolg van nuwer gevorderde tegnologie op Clear View / voorraad beweeg stadig (opstapeling) as gevolg van vertraagde verkope / moontlike verhoging in stoorkoste kan winsgewendheid laat afneem / verhoogde risiko dat drukkers gesteel kan word / kontant opgesluit voorraad in plaas daarvan om beskikbaar te wees vir ander uitgawes.

2


SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**2.2.3 Clear View-model:**

**Alhoewel daar terugsendings vir die Clear View-model was, is Moses baie tevrede met sy besluit om dit as 'n nuwe model bekend te stel. Verskaf TWEE punte (met syfers) om te verduidelik waarom Moses tevrede is.**

Vergelyk Clear View drukkers met ander drukkers ✓ ✓ Syfers ✓ ✓

- Die drukkers is verkoop teen 'n wins van R14 000 (totale bruto wins R910 000) hoër as die ander twee drukker
- Verkoop gemiddeld 13 drukkers per maand, wat meer as Rotrim (7) en Punchies (8) was.
- 86,7% van die beskikbare drukkers is verkoop, in vergelyking met (65,8%) van Rotrim of (74,1%) van Punchies / verkoop 65 eenhede in 5 maande, in vergelyking met (79 eenhede) Rotrim en (100 eenhede) Punchies oor 12 maande.
- Die hoogste verkope gegenereer (R3 185 000) van al die drukkers oorskry Rotrim (R1 714 300) en Punchies (R3 108 000).
- Slegs 10 (R350 000) eenhede voorhande in vergelyking met (41 eenhede) (R780 500) van Rotrim en (35 eenhede) (R635 500) van Punchies.
- Voorraadhoudingsperiode is slegs 23,1 dae in vergelyking met (127,8 dae) van Punchies en (124,7 dae) van Rotrim.

4

**Moses wil die aantal eenhede wat aan die verskaffers teruggestuur word, verminder. Gee EEN voorstel oor hoe om dit te bereik.**

Enige toepaslike voorstel ✓✓

- Verseker die dat drukkers in 'n werkende toestand is by aankope
- Vind gehalte verskaffer en beter kliënte tevredenheid met Clear View.
- Versoek waarborge / omruilbeleid van verskaffers
- Lei werknemers op in hanteringsprosedures / stoor drukkers behoorlik om beskadiging.

2



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## 2.3 BESTUUR VAN VOORRADE

### 2.3.1 Elektriese waaiers:

**Identifiseer die besluit wat Robin oor die elektriese waaiers geïmplementeer het.**

Besluit ✓ (syfers nie vereiste)

- Verhoging in winsopslag % (van 60% tot 80%)/ met 33,3%/met 20%-punte
- Verhoogde verkoopprys per eenheid (van R200) tot R270/met R70/met 35%

| |
|---|
| 1 |

**Verduidelik hoe hierdie besluit 'n positiewe gevolg vir die besigheid gehad het. Verskaf EEN punt, met syfers.**

Enige toepaslike punt ✓ syfers ✓

- Bruto wins het verhoog (van R42 000) tot R61 200/met R19 200/met 45,7%
- Ten spyte van minder eenhede verkoop (510 vs. 560), totale verkope verhoog (van R112 000) tot R137 700/met R25 700/met 22,9%, wat toon dat die prysverhoging die totale inkomste aangehelp het.

| |
|---|
| 2 |

### 2.3.2 Yskaste:

**Robin het die handelsmerk van yskaste wat hy verkoop, verander. Verskaf EEN punt, met syfers, om te toon dat dit nie 'n goeie idee was nie.**

Enige toepaslike punt ✓ syfers ✓

- Aantal eenhede verkoop verlaag (van 740) tot 430/met 310/met 41,9%
- Verkope daal (van R5 161 500) tot R2 418 750/met R2 742 750/met 53,1%
- Bruto wins daal (van R1 720 500) tot R806 250 met R914 250/met 53,1%
- Eenhede voorhande/onverkoopte eenhede neem toe (van 80) tot 530/met 450/met 562,5%
- Verkoop 90,2% (740 van 820) in 2024 in vergelyking met 44,8% (430 van 960) in 2025.

| |
|---|
| 2 |

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3

### 3.1 LOCKSMITH VERVAARDIGERS

### 3.1.1 FABRIEKSBOKOSTE-NOTA

* een deel korrek

| | | |
|---|---|---|
| Water en elektrisiteit | 686 250 | ✓✓ |
| Versekering<br>[78 000 – 8 100] een punt een punt een punt een punt<br>( 69 900 ✓ x 3/5 ✓) **OF** 46 800 – 4 860 **OF** 69 900 – 27 960 | 41 940 | ☑* |
| Huuruitgawes<br>twee punte twee punte<br>(240 400 ✓ x 2 525 ✓ / 3 005 ✓✓) **OF** 112 000 + 90 000<br>**OF** 240 400 een punt – 38 400 drie punte | 202 000 | ☑* |
| Waardevermindering: fabriekstoerusting<br>684 000 x [20/100 x 4/12] [3 036 000 x 20/100]<br>(45 600 ✓☑ + 607 200 ✓✓) | 652 800 | ☑* |
| **Ander fabrieksuitgawes** | **737 010** | |
| #een deel korrek; moet AFU insluit<br>As Advertensies ingesluit is; verloor punt op finale totaal | 2 320 000 | ☑# |

**16**

### 3.1.2

| **Bereken die koste van produksie van klaarprodukte vir die jaar geëindig 28 Februarie 2025.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| 32 000 een punt<br>6 025 000 ✓ + 2 320 000 ☑ + [125 000 – 93 000]<br>sien 3.1.1 | 8 377 000 ☑<br>een deel korrek |

**4**

### 3.2 PICASO VERVAARDIGERS

**SELFOONHOUERS**

### 3.2.1

| **Bereken die gelykbreekpunt op 31 Augustus 2025.** | |
|---|---|
| **BEWERKINGS** | **ANTWOORD** |
| [28 750 x R80]<br>2 300 000✓ / 265✓ – 146✓<br>119 twee punte<br>Teller en noemer moet as sodanig gemerk word. | 19 328 eenhede☑<br>een deel korrek<br>moenie (< 1) aanvaar nie<br>Aanvaar 19 327,7 |

**4**

### 3.2.2

**Lewer kommentaar daarop of Dawn tevrede moet wees met die getal eenhede geproduseer en verkoop. Verskaf EEN punt, met syfers.**

Geldige verduideliking ✓✓ vergelyking van eenhede geproduseer en GBP met syfers

- Vervaardig 28 750 meer eenhede as die GBP van 19 328 sien 3.2.1 /oorskry BEP met 9 422 eenhede/wins getoon op 9 422 eenhede (R1 121 218).
- Meer eenhede geproduseer en verkoop, wat lei tot hoër wins op 9 422 eenhede in 2025 in vergelyking met 5 000 eenhede in 2024.

***VIR EEN PUNT:***

- Eenhede vervaardig neem toe (van 25 000) tot 28 750/met 3 750 eenhede / GBP neem af (van 20 000) tot 19 328 sien 3.2.1 /met 672 eenhede.

**2**



SA EXAM PAPERS Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**3.2.3**

| **Identifiseer die vastekoste-item (met syfers) wat swak beheer is. Gee 'n moontlike rede vir hierdie bekommernis.** | |
|---|---|
| **KOSTE-ITEM**<br>Koste ✓ Tendens (met syfers) ✓ | **REDE VIR KOMMER**<br>✓ |
| Administrasiekoste per eenheid styg met R4,00 (R42,00 – R46,00)/met 9,5%. | Misbruik van administrasiekoste items / verhoging in kantoor- of administrasie uitgawes / addisionele administrasie personeel. |

3

**SELFOONSKERM-BESKERMERS**

**3.2.4**

| **Veranderlikekoste-item (met syfers) wat swak beheer is. Gee raad oor hoe om die beheer oor hierdie koste-item te verbeter.** | |
|---|---|
| **KOSTE-ITEM**<br>Koste ✓ Tendens (met syfers) ✓ | **RAAD**<br>✓ |
| Direkte materiaal koste per eenheid styg met R14,00 (R24,00 – R38,00)/ met 58,3%. | • Beperk vermorsing deur werkers op te lei<br>• Verminder vermorsing deur kwaliteit materiale aan te koop / gebruik knipmasjiene (template) om presiese patrone van fone te verseker<br>• Verander na goedkoper verskaffer / koop by plaaslike verskaffer / grootmaataankope om korting te ontvang.<br>• Verbeter toesighouding |
| **Veranderlikekoste-item (met syfers) wat goed beheer is. Verduidelik hoe hierdie item goed beheer is.** | |
| **KOSTE-ITEM**<br>Koste ✓ Tendens (met syfers) ✓ | **REDE**<br>✓ |
| Direkte arbeidskoste daal met R2,00 (R22,00 – R20,00) per eenheid/met 9,1% | Moenie "uit diens gestel of oortyd aanvaar nie"<br>• Weens behoorlike toesighouding was werkers meer produktief / arbeidsure is geskeduleer volgens die produksiebehoeftes.<br>• Beter opgeleide / gekwalifiseerde werkers.<br>• Geen kragonderbrekings nie bv. beurtkrag. |

3

3

| TOTALE PUNTE |
|---|
| |
| 35 |



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

## VRAAG 4

### 4.1 VIVAN HANDELAARS

### 4.1.1 DEBITEURE-INVORDERINGSKEDULE:

| MAANDE | KREDIET-VERKOPE R | DESEMBER 2025 R | JANUARIE 2026 R |
|---|---|---|---|
| **Oktober 2025** | **1 417 500** | **198 450** | Oortollige inskrywings; Verbeur m punt op totaal |
| **November 2025** | **1 443 750** | **721 875** | 202 125 ✓ |
| **Desember 2025** | **1 496 250** | **430 920** | 748 125 ✓ |
| **Januarie 2026** | 1 522 500 ✓* | | 438 480 ✓☑*$ <br>* as x 30% x 96% |
| **ONTVANGSTE VAN DEBITEURE** | | **1 351 245** | 1 388 730 ☑* |

6

*een deel korrek
$ As die kredietverkope van R1 522 500 nie getoon is nie, maar die R438 480 is korrek, ken drie punte toe

### 4.1.2 Bereken:

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **(i) Oninbare skuld in Januarie 2026**<br>1 417 500 x 6% **OF** 1 417 500 – 1 332 450 | 85 050 ✓☑<br>een deel korrek |
| **(ii) Salaris: verkoopsbestuurder vir Januarie 2026**<br>29 000 ✓ – 5 800 ✓✓ (29 000/20 x 4) **OF** 29 000 (een punt) x 16/20 (twee punte) | 23 200 ☑<br>een deel korrek |
| **(iii) Salarisse: assistente vir Desember 2025**<br>80 000 ✓+ 48 000 ☑ (sien salarisse [80 000 x 60%]) **OF** 80 000 x 1.6 **OF** 88 000 x 160/110<br>**OF**<br>88 000 (een punt) x 100/110 (een punt) | 128 000 ☑<br>een deel korrek<br>**OF**<br>80 000<br>een m punt |
| **(iv) Advertensies vir Desember 2025**<br>1 995 000 ✓ x 9% ✓✓ [182 700 / 2 030 000 x 100] | 179 550 ☑<br>een deel korrek |

13

### 4.1.3 Bereken:

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| **Kontantaankope van handelsvoorraad in Januarie 202**<br>2 030 000 ✓ x 20/160 ✓ [100/160 x 20/100] **OF** 1 268 750 (een punt) – 1 015 000 (een punt) | 253 750 ☑<br>een deel korrek; |
| **Betalings aan krediteure in Januarie 2026**<br>1 203 125 x 80% **OF** 1 925 000 x 80/160 | 962 500 ✓☑<br>een deel korrek; |

3

2

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**4.1.4 Bereken die bedrag van die vaste deposito wat op 31 Januarie 2026 verval.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 5 440 ✓ x 12/3 ✓ x 100/8 ✓ (OF x 4) **OF** 5 440 (een punt) / 2% (twee punte) | 272 000 ☑ een deel korrek |
| **OF** | **OF** |
| 5 440 (een punt) x 12/1 (een punt) x 100/8 (een punt) | 816 000 een deel korrek een m punt |

**4**

## 4.2 WARMBAD HANDELAARS

**4.2.1 Verduidelik waarom dit belangrik is om die begrote syfers met die werklike syfers te vergelyk. Verskaf EEN punt.**

Enige geldige punt ✓✓

- Om na te gaan of die begroting realisties is / dra by om toekomstige begrotings te verfyn en meer realistiese op te stel.
- Afwykings (oor- of onderspanderings) met ontvangste en betalings te identifiseer.
- Voorspelling van die effek op die banksaldo te maak.
- Evalueer hoe goed die besigheid sy finansiële teikens behaal het.
- Moedig verantwoordelike finansiële optrede aan deur aanwending van fondse te monitor / verseker dat besteding en inkomste bestuur word binne perke en oorspandering voorkom kan word.

**2**

**4.2.2 Verlies van verkope:**

**Die aantal eenhede wat in Oktober verkoop is, het afgeneem. Gee 'n rede, met syfers, vir hierdie afname.**

Enige geldige punt ✓✓

- Die verkoopprys het gestyg (van R1 600) tot R2 480/met R880/met 55%

**2**

**Verskaf 'n berekening om die bedrag kontant wat met die verkope van Oktober 2025 in vergelyking met September 2025 verlore gegaan het, te toon.**

| BEWERKINGS | ANTWOORD |
|---|---|
| 2 480 x 63 [124 – 61] **OF** 307 520 – 151 280 | 156 240 ✓☑ een deel korrek |

**2**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.2.3 **Noem TWEE voordele wat Warmbad Handelaars sal verbeur indien hulle nie in Oktober 2025 hulle finansiële verpligtinge teenoor verskaffers nakom nie.**

Enige geldige punte ✓ ✓

- Verbeur die vroeë betalingskorting
- Verloor voordeel van handelskorting vir lojale klante / verbeur grootmaataankope afslag en voorkeur transaksies.
- Krediettelling of kredietgradering sal daal wat toekomstige kredietaansoeke sal beïnvloed / reputasie van die besigheid sal skade ly.
- Toekomstige kredietlimiete kan daaronder lei.
- Verskaffers mag 'n "slegs kontant" beleid toepas en dit sal die besigheid se kontantvloei beïnvloed.

**2**

4.2.4 **Vergoeding aan werknemers:**

**Gee EEN rede waarom Dozer gedurende September 2025 sy werknemers met kommissie beloon het. Haal syfers aan.**

Enige EEN geldige punt ✓ syfer/s ✓

- Getal eenhede verkoop neem toe (van 90) tot 124/met 34/met 37,8%
- Verkope verhoog met R54 400 (34 x R1 600)/met 37,8%
- Kontantsurplus verhoog (van R63 800) tot R98 950/met 55,1%

**2**

**Gee EEN rede waarom die werkers nie met die hersiene vergoedingsbeleid tevrede sal wees nie. Haal syfers aan.**

Enige EEN geldige punt (met syfers) ✓✓

- Totale verdienste vir Oktober van R31 500 (R10 500 per werknemer) is laer as die September salarisse van R38 400 (R12 800 per werknemer) / by R6 900 (by R2 300 per werknemer) / by 18%.
- Totale salarisse en kommissie in September van R42 300 is meer as die totale salarisse en kommissie in Oktober van R31 500 wat R10 800 meer is (R3 900 per werknemer).

**2**

| **TOTALE PUNTE** |
|---|
| |
| **40** |

**TOTAAL: 150**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African